***Oblomov en die Pers :***

# „NOG 'N SKAKEL MET DIE VERLEDE SAL VERDWYN"

**„Nog een van die monumentale skakels met die ou Zuid-Afrikaanse Republiek sal binnekort vernietig word wanneer die bekende Hollard-huis, op die hoek van Andries- en Jacob Maré-straat, Pretoria, afgebreek word om plek te maak vir 'n moderne woonstelgebou.**

Die ou huis wat, in vandag se terme gereken, as 'n kasteel beskryf kan word, is voor die Tweede Vryheidsoorlog deur William Emil Hollard gebou. Hollard was een van die kleurryke persoonlikhede in die ou Republiek se dae. Hy het in 1851 uit Pruise na Suid-Afrika gekom en het hom in 1870 in Transvaal gevestig, waar hy tot die balie toegelaat is.

Die pragtige ou gebou skep 'n sprokiesagtige atmosfeer, met sy hoë gewels, antieke balkonne, groot deure met kleurglas, die groot uitstaande vensters en dan die groot, groen grasperk met sy palmbome wat met duursame ystertraliewerk omhein is.

Die plek verleen grasie aan die pragtige Burgerpark wat regoor hom geleë is. Hulle vul mekaar aan en die gemis van die een vir die ander, sal betreurenswaardig wees.

Wanneer 'n besoeker by die voordeur instap, word hy dadelik getref deur die besondere kleurglas-inlaswerk in die voorportaal.

Die lewensgetroue beelde van hoofregter J. G. Kotze, pres. Paul Kruger, komdt.-genl. P. J. Joubert en genl. Nicolaas Smit, begroet hom hier.

Hierna kom die besoeker in die groot, rustige ontvangkamer met sy houtbeslaande mure, sy antieke houtsneeboë en wat waarskynlik die mooiste trap in Transvaal is.

Wat die besoeker veral tref is die groot, swaar binnedeure wat met spieëls beslaan is. Dit verleen 'n nog groter effek aan die reeds ruim vertrekke.

Daar word tans tenders ingewag vir al hierdie oudhede, en daarna sal begin word met die sloop van hierdie ou gebou, wat tans as 'n losieshuis gebruik word."

— *„Die Transvaler,"* 6/1/55.

**OU HOLLARD-HUIS :**

# „GEEN POGING OM DIT TE BEWAAR"

**„Daar is nog geen poging aangewend om die geskiedkundige ou gebou, Hollard-huis, op die hoek van Andries- en Jacob Maré-straat, Pretoria, vir die nageslag te bewaar nie.**

Die huidige eienaar van die gebou is van voorneme om die gebou te laat sloop. Die gebou, wat 'n pragstuk vol ryke skakels met die Republikeinse tydperk is, is in 1895 deur W. E. Hollard, destyds regsadviseur van pres. Kruger, gebou.

Die geraamde koste van die gebou se oprigting was tussen £20,000 en £30,000.

As die gebou gesloop word, sal dele van die unieke houtsnee- en gekleurde vensterwerk miskien bewaar kan bly, maar ander besonder waardevolle stukke sal beskadig of selfs vernietig word, soos die Transvaalse wapen wat in teëls in die voorportaal uitgelê is.

**Die Historiese Monumentekommissie het nog geen vertoë ontvang dat die gebou tot monument verklaar sal word nie, het mnr. B. D. Malan, die sekretaris, gister gesê.**

**Indien die kommissie so 'n versoek kry, en besluit om aan te beveel dat die gebou wel 'n monument word, beteken dit dat die eienaar niks aan die gebou mag verbreek of verander nie.**

**G'n Skadevergoeding**

Die eienaar word nie vir enige skade as gevolg van sodanige optrede vergoed nie.

Hy het egter die reg om by die Minister van Binnelandse Sake beswaar te maak teen die voorgenome proklamering; in dié geval beslis die Minister.

Gewoonlik word die wens van die eienaar in ag geneem. In een geval is 'n gebou egter teen die wens van die eienaars in tot monument verklaar. Dit was toe die Lutherse Kerk in Kaapstad die Martin Melek-huis wou sloop. Die kerk se beswaar teen die proklamering is oor die hoof gesien."

— *„Die Transvaler"*, 7/1/55.

# "DEMOLITION OF HOLLARD HOUSE"

*Letter to the Editor, "The Pretoria News,"* 12/1/55.

"Sir,—With reference to reports in your newspaper concerning the proposed demolition of the historic residence at 249 Jacob Maré Street, I would like to say, would it not be much better if this house were to be bought and used as a historic monument?

It seems to be a great pity that such a place must disappear, while Pretoria is so poor in everything that may remind us of a colourful past. —G. HORSTMANSHOF.

*When this issue reaches you, the Hollard House would have disappeared.*

*People say that Pretoria is to-day much poorer.*

*Somebody said: "We are civilised, but not cultured."*